# Ons soek na Mamma Renoster

Hierdie boek behoort aan

______________________



lets_find_mama_rhino_interior.indd 1 2025/10/30 10:04



lets_find_mama_rhino_interior.indd 2 2025/10/30 10:04



lets_find_mama_rhino_interior.indd 3 2025/10/30 10:04

Official Partner
of Book Dash
bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, BookSprint gathers creative professionals who volunteer to create new, Namibian storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit our Project page: www.booksprintnamibia.org

*Ons soek na Mamma Renoster*
*(Let's Find Mama Rhino)*
Geskryf deur Imãn Ayisha Dundee
Geïllustreer deur Mitchell Milton Gatsi
Ontwerp deur Silas M. Nangolo
Geredigeer deur Nasrin Siege
Vertaal deur Celia Mendelsohn
Geproeflees deur Ilse Badenhorst
Geset deur Lisa Borman
Redaksionele beampte Detlef Pfeifer

BookSprint Namibië met behulp van die Goethe-Institut Namibië en die Ambassade van die Bondsrepubliek Duitsland in Namibië op 12 Oktober 2024.

ISBN: 978-99945-924-3-2

Typeset in Comic Sans MS & Quicksand

**This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).**

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.



Mitchell Milton Gatsi    Imãn Ayisha    Silas M. Nangolo

Mamma Kameelperd en Baba Kameelperd stap deur die bos.

“Mamma, ek wil by Baba Renoster gaan speel,” sê Baba Kameelperd. “Kan ons asseblief gaan kuier?”

“Natuurlik kan ons,” glimlag Mamma Kameelperd.



lets_find_mama_rhino_interior.indd 7 2025/10/30 10:04



“Waar is jou mamma, Baba Renoster?”
vra Mamma Kameelperd.

“Mense het haar gevat!
Ek weet nie hoekom nie!”
huil Baba Renoster.

lets_find_mama_rhino_interior.indd 9 2025/10/30 10:04

“Ek wil my mamma hê!” huil
Baba Renoster.
“Ons sal jou help om jou mamma te soek,”
sê Mamma Kameelperd.

“Ja!” sê Baba Kameelperd vir Baba
Renoster. “Ons sal nie toelaat dat enigiets
met jou mamma gebeur nie!”

lets_find_mama_rhino_interior.indd 10 2025/10/30 10:04



lets_find_mama_rhino_interior.indd 11 2025/10/30 10:04



lets_find_mama_rhino_interior.indd 12 2025/10/30 10:04

“Waarheen is julle op pad?”
vra Koedoe.

“Mense het my mamma gevat,”
huil Baba Renoster.

“Ons help soek na haar mamma,”
sê Baba Kameelperd.

“Ek gaan saam! Ek sal ook help soek,”
sê Koedoe.

lets_find_mama_rhino_interior.indd 13 2025/10/30 10:04

“Waarheen is julle op pad?”
vra Visarend.

“Mense het my mamma gevat,”
sê Baba Renoster.

“Ons help soek na haar mamma,”
sê Koedoe.

“Daardie mense het Mamma Renoster na
die oorkant van die rivier gevat,”
sê Visarend.

“Ek sal julle ook help soek.”







lets_find_mama_rhino_interior.indd 17 2025/10/30 10:04

“Waarheen is julle op pad?” vra Jakkals.

“Mense het Baba Renoster se mamma gevat,” sê Baba Kameelperd.

“Ek het hulle gesien! Hulle steek haar in daardie grot weg!” sê Jakkals.







“Waarheen is julle op pad?” vra Leeu.

“Mense het my mamma gevat,”
sê Baba Renoster.

“Hulle steek haar in jou grot weg!”
sê Jakkals.

“Wat?” brul Leeu.
“In my grot?”

lets_find_mama_rhino_interior.indd 22 2025/10/30 10:04


ROOOAAAR!



“Uit my grot uit!” brul Leeu.



lets_find_mama_rhino_interior.indd 25 2025/10/30 10:04



“Mamma! Ons het jou gevind!”
sê Baba Renoster.

lets_find_mama_rhino_interior.indd 27 2025/10/30 10:04

“Dankie dat julle my
gehelp het om my
mamma te red,”
sê Baba Renoster.



"Ja, dankie, kinders,"
glimlag Mamma Renoster.



lets_find_mama_rhino_interior.indd 29 2025/10/30 10:04



lets_find_mama_rhino_interior.indd 30 2025/10/30 10:04



lets_find_mama_rhino_interior.indd 31 2025/10/30 10:04

